



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## BESIGHEIDSTUDIES

## MODEL 2014

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al die hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit VYF vrae
   Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae
   Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n gids vir punte- en tydtoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **40** | **30 minute** |
| | | | |
| **B: VYF direkte/indirekte tipe vrae (KEUSE: Beantwoord enige DRIE)** | **2** | **60** | **30 minute** |
| | **3** | **60** | **30 minute** |
| | **4** | **60** | **30 minute** |
| | **5** | **60** | **30 minute** |
| | **6** | **60** | **30 minute** |
| | | | |
| **C: VIER opsteltipe vrae (KEUSE: Beantwoord enige TWEE)** | **7** | **40** | **30 minute** |
| | **8** | **40** | **30 minute** |
| | **9** | **40** | **30 minute** |
| | **10** | **40** | **30 minute** |
| **TOTAAL** | | **300** | **180 minute** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ensovoorts.

8. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 B.

1.1.1 'n Onderneming wat 50 of meer werkers in diens het, behoort …

A 'n gelyke-indiensnemingsplan by die Departement van Arbeid in te dien.
B werkers laer lone/salarisse te betaal.
C 'n swartbemagtiging-strategie te ontwikkel.
D nie hul werkers vir vaardigheidsontwikkeling te stuur nie.

1.1.2 Die telkaartstelsel sluit elemente in wat die ... beoordeel.

A BBSEB-pilare
B KVBA
C Nasionale Verbruikerstribunaal
D parlement van Suid-Afrika

1.1.3 Pepe Bpk. se balansstaat is 'n ...

A verbale verslag oor die finansiële resultate van die afgelope finansiële jaar.
B nieverbale aanbieding van hul finansiële stand.
C verbale interpretasie van finansiële inligting.
D nieverbale rekord van toekomstige inkomste en uitgawes.

1.1.4 Indien 'n werker afgedank is as gevolg van sy gereelde laatkommery by die werk, is hy ontslaan op grond van …

A onbevoegdheid.
B bedryfsredes.
C aflegging.
D wangedrag.

1.1.5 Watter EEN van die volgende is 'n voordeel van korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid?

A Verminder die BBSEB-gradering
B Bemoeilik verslaggewing in finansiële state
C Is nie die onderneming se hoofaktiwiteit nie
D Lok beleggers

1.1.6 'n Maatskappy kan 'n prospektus uitreik wanneer …

A daar genoeg aandelekapitaal is.
B hulle mense oor 'n nuwe uitreiking van aandele wil inlig.
C hulle as 'n maatskappy wil registreer.
D hulle van hul uitgereikte aandele wil terugkoop.

1.1.7 Versekeringsprodukte wat 'n inkomste uitbetaal wat by aftrede gebruik word, staan as … bekend.

A langtermynlenings
B kleinhandeleffekte
C sekuriteite
D annuïteite

1.1.8 Hierdie besigheidsfunksie is direk betrokke by kommunikasie met die media deur, byvoorbeeld, die uitreiking van mediaverklarings:

A Die aankoopfunksie
B Die funksie van openbare betrekkinge
C Die funksie van algemene bestuur
D Die menslikehulpbron-funksie

1.1.9 Hierdie Wet maak voorsiening dat 'n besigheid inligting oor klante op die swartlys kan bekom:

A Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet 53 van 2003)
B Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997)
C Wet op Gelyke Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998)
D Nasionale Kredietwet, 2005 (Wet 34 van 2005, soos gewysig)

1.1.10 Die beste manier om konflik in die werkplek op te los, is om die …

A betrokke werker te verplaas.
B betrokke werker te ignoreer.
C oorsake van konflik te bekyk en op te los.
D betrokke werker af te lê. (10 x 2) (20)

1.2 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 Besighede wat die vaardigheidsontwikkelingheffing betaal, kan 'n terugbetaling eis wanneer hulle werknemers aan (opleidings- en ontwikkelingsprogramme/welstandsprogramme) deelneem.

1.2.2 'n Vergoedingspakket kan (jaarlikse verlof/gereelde vergaderings met die toesighouer) insluit.

1.2.3 (Bedanking/Aflegging) vind plaas wanneer 'n indiensnemings-kontrak vrywillig deur die werknemer beëindig word.

1.2.4 Maatskaplike regte sluit die reg (om 'n godsdiens te kies en te beoefen/op regverdige lone en salarisse) in die werkplek in.

1.2.5 (Leierskap/Bestuur) verwys na 'n proses om werknemers te beïnvloed om presteerders te word in die uitvoer van hul pligte.

(5 x 2) (10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 H.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Leerlingskap | A 'n verpligte skema wat deur die regering geskep is |
| 1.3.2 Inheemse kennis | B 'n poel fondse wat lede vir hul gesondheidsuitgawes kan aanwend |
| 1.3.3 Gelykheid | C behels praktiese werks-ondervinding |
| 1.3.4 Kreatiewe denke | D alle werkers word dieselfde behandel |
| 1.3.5 Werkloosheidsversekerings-fonds | E kennis en vaardighede van mense in 'n sekere geografiese gebied |
| | F lei tot oorspronklike idees wat gebruik kan word om sake-uitdagings op te los |
| | G 'n keuse tussen alternatiewe |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B

Beantwoord ENIGE DRIE vrae uit hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke gekose vraag duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy, ensovoorts.

### VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWING

2.1 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**NATHANIËL STENE EN TEËLS**

Nathaniël Stene en Teëls spesialiseer in die vervaardiging van stene en vloerteëls. Hulle het 20 werkers in diens wat direk by die vervaardigingsproses betrokke is.

Ten spyte van al die nodige gesondheids- en veiligheidsmaatreëls wat in plek was, is Sam, een van die werkers, by die werk beseer en het hy sy arm verloor. Sam het daarop aangedring om vir die verlies van sy arm vergoed te word.

Nathaniël Stene en Teëls het geweier om Sam te vergoed en beweer dat dit nie die besigheid se verantwoordelikheid is om werkers wat aan diens beseer word, te vergoed nie.

2.1.1 Noem en verduidelik die Wet wat Sam toelaat om vergoeding te eis. (4)

2.1.2 Dink jy Sam se eis om vergoeding geregverdig is? Ondersteun jou mening met 'n rede. (4)

2.1.3 Verduidelik die prosedure wat Sam moet volg om vergoeding te eis. (6)

2.1.4 Bespreek die gevolge vir Nathaniël Stene en Teëls omdat hulle nie aan die Wet, wat in VRAAG 2.1.1 geïdentifiseer is, voldoen het nie. (6)

2.1.5 Noem enige DRIE voordele van hierdie Wet vir besighede in die algemeen. (6)

2.2 Beveel maatreëls aan wat besighede kan instel om te verseker dat hul bedrywighede nie mense se gesondheid negatief beïnvloed nie. (8)

2.3 Sake-ondernemings word in diverse gemeenskappe bedryf en het ook 'n diverse arbeidsmag. Bespreek die verpligtinge van besighede met betrekking tot hul breëbasis-benadering, met spesifieke verwysing na inklusiwiteit. (6)

2.4 Regverdig die instelling van breëbasis- swart ekonomiese bemagtiging (BBSEB). (4)

2.5 Die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995) maak voorsiening vir die stigting van vakbonde en werkgewersorganisasies. Onderskei tussen hierdie twee soorte organisasies. (4)

2.6 Evalueer die impak van die Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008) op besighede. (12)
**[60]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 3: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

3.1 Noem die soort aanbieding wat deur elke stelling hieronder beskryf word:

3.1.1 Gedrukte kopieë van finansiële state om 'n elektroniese aanbieding van hierdie jaar se finansiële resultate te ondersteun
3.1.2 Produksiesyfers vir 2013 en 2014 op 'n histogram
3.1.3 'n Kort video wat die stappe verduidelik om 'n aansoekvorm te voltooi
3.1.4 Tekeninge en prentjies in 'n faksmasjien se gebruikershandleiding
3.1.5 'n Vloeidiagram wat die stappe in die produksieproses verduidelik (10)

3.2 Onderskei tussen *beperkte aanspreeklikheid* en *onbeperkte aanspreeklikheid*. (4)

3.3 Vergelyk die sukses of mislukking van 'n *persoonlike-aanspreeklikheids-maatskappy* en 'n *vennootskap* met betrekking tot:

3.3.1 Kapasiteit
3.3.2 Wetgewing
3.3.3 Bestuur (12)

3.4

| |
|---|
| 'n Gebou in die sentrale gebied van die Paarl is deur 'n brand beskadig. Die gebou was vir R500 000 verseker en die skade aangerig het R120 000 beloop. Die gebou was vir R750 000 gewaardeer. |

3.4.1 Noem die party wat vir die waardering van die eis hierbo en die bepaling van die omvang van die skade verantwoordelik is. (2)

3.4.2 Bereken die bedrag wat vir die brandskade uitbetaal sal word. Toon ALLE bewerkinge. (6)

3.4.3 Verduidelik die klousule wat op die situasie hierbo van toepassing is. (4)

3.5 Veronderstel 'n gebou is vir R300 000 verseker en die markwaarde daarvan is R200 000. Dit word heeltemal in 'n storm vernietig. Herboukoste beloop R200 000. Beskryf die rol van die versekeringsmaatskappy in hierdie verband. (6)

3.6 Raymond is die bestuurder van Fine Clothing. Hy verduidelik werks-prosedures, vergoed werkers vir uitnemendheid en straf hulle as teikens nie bereik word nie.

3.6.1 Identifiseer die leierskapstyl wat hierbo beskryf word. (2)

3.6.2 Evalueer die invloed van hierdie leierskapstyl op sake-aktiwiteite. (8)

3.7 Verduidelik TWEE soorte voorkeuraandele. (6)
**[60]**

## VRAAG 4: BESIGHEIDSROLLE

4.1 Identifiseer die probleemoplossingstegniek wat in elke geval hieronder beskryf word:

4.1.1 Sandy het 'n rolspelgesprek met 'n denkbeeldige persoon in die ander stoel gevoer om duidelikheid te kry oor die voordele en nadele van 'n voorgestelde oplossing vir 'n probleem.

4.1.2 Die bestuur van Thandi se Bed-en-Ontbyt het 'n groep kenners gevra om vraelyste te voltooi om hulle te help om sekere besigheidsprobleme op te los.

4.1.3 Alle groepslede moet eers idees op hul eie genereer en dan moet hulle dit met ander groepslede deel. (6)

4.2 Evalueer die doeltreffendheid van 'n dinkskrum om besigheidsprobleme op te los. (8)

4.3 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**ABC BPK.**

Die visie van ABC Bpk., een van die wêreld se grootste gediversifiseerde myngroepe, is deur 'n stelling van hul stigter geïnspireer. Hy het gesê: 'Die doelwitte van hierdie groep was nog altyd om wins en 'n blywende bydrae tot die welstand van ons werkers te maak.'

4.3.1 Adviseer ABC Bpk. oor hoe om tot die welstand van hul werknemers by te dra. (10)

4.3.2 Beveel DRIE korporatiewe maatskaplike beleggingsinisiatiewe aan wat ABC Bpk. kan aanpak. (6)

4.3.3 Onderskei tussen *korporatiewe maatskaplike beleggings* en *korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid*. (4)

4.4 Onderskei tussen 'n *dispuut* en 'n *grief*. (4)

4.5 Stel VYF maniere voor wat ondernemings kan gebruik om moeilike werkers te hanteer. (10)

4.6 Bespreek hoe Suid-Afrikaanse besighede omgewingsvraagstukke moet aanpak om volhoubaarheid te handhaaf en verduidelik ook die voordele daarvan om hierdie vraagstukke aan te pak. (12)
**[60]**

## VRAAG 5: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

5.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| JOHNNY HANDELAARS |
|---|
| Johnny Handelaars het twee vakante poste; een vir 'n bemarkingsbestuurder en die ander een vir 'n aankoopbestuurder. Die onderneming het hierdie poste in koerante en op die Internet geadverteer. |

5.1.1 Watter soort werwing het Johnny Handelaars gebruik? Regverdig jou antwoord. (4)

5.1.2 Noem VIER voordele van hierdie soort werwing. (8)

5.2 Browny Bpk. het onlangs vier nuwe werkers in diens geneem. Die menslikehulpbron-bestuurder het besluit om 'n oriënteringsprogram vir die nuwe werkers op te stel. Noem die voordele van so 'n oriënteringsprogram vir Browny Bpk. (10)

5.3 Verduidelik die invloed van 'n totalegehalte-bestuurstelsel op klein en groot ondernemings met verwysing na deurlopende vaardigheidsontwikkeling. (12)

5.4 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| TRANDY SUPERMARK |
|---|
| Trandy Supermark koop hul melk direk by Easy Suiwelplaas. 'n Dag na aflewering het Trandy Supermark ontdek dat die melk suur geword het. Trandy Supermark het onmiddellik Easy Suiwelplaas hiervan in kennis gestel, maar niks is aan die situasie gedoen nie. Easy Suiwelpaas het baie klante as gevolg van hierdie uitdaging verloor. |

5.4.1 Gee Easy Suiwelplaas advies oor hoe om 'n deurlopende verbeteringsiklus te implementeer om die gehalte van hul produk te verbeter. (8)

5.4.2 Bespreek hoe totale klantetevredenheid en die deurlopende verbetering van prosesse en stelsels Easy Suiwelplaas kan help om goeie gehalte melk te verkoop. (8)

5.4.3 Noem kortliks die voordele van die implementering van 'n goeie gehaltebeheerstelsel in 'n onderneming. (10)
**[60]**

## VRAAG 6: DIVERSE ONDERWERPE

6.1 Wanneer mense saamwerk, kan hulle by mekaar leer en meer bereik as wat hulle as individue kan bereik. Bespreek VIER kriteria wat individue kan gebruik om hulself te beoordeel ten opsigte van spanprestasie. (12)

6.2 Versekering is voordelig vir besighede sowel as individue. Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord. (10)

6.3 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Shawn het R30 000 by 'n familielid geërf. Hy wil graag aandele op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE) koop.

6.3.1 Kan Shawn self aandele op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE) koop? Motiveer jou antwoord. (4)

6.3.2 Noem VIER funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE). (8)

6.4 Evalueer die impak van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997) op sakebedrywighede. (8)

6.5 Verduidelik die volgende soorte strategieë:

6.5.1 Defensiewe strategieë (4)
6.5.2 Voorwaartse vertikale integrasie (4)

6.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Westwood Clothing Bpk. vervaardig skooluniforms in Kokstad. Die bestuur is bekommerd oor die hoë vlak van afwesigheid onder hul werkers. Alhoewel die onderneming goed bestuur word, ondervind hulle ook kontantvloeiprobleme. |

6.6.1 In watter sakesektor kan Westwood Clothing Bpk. geklassifiseer word? (2)

6.6.2 Identifiseer die besigheidsomgewing wat deur die uitdagings in die scenario hierbo geraak word. (2)

6.6.3 Haal die uitdagings wat Westwood Clothing Bpk. ondervind uit die scenario aan. (2)

6.6.4 Stel maniere voor waarop die onderneming die uitdagings soos in VRAAG 6.6.3 geïdentifiseer, kan oorkom. (4)
**[60]**

**TOTAAL AFDELING B: 180**

## AFDELING C

Beantwoord enige TWEE vrae.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van die gekose vraag duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan 'n NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 7 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 8 op 'n NUWE bladsy, ensovoorts.

## VRAAG 7

Vusi Winkels ondervind 'n afname in verkope omdat hulle klante aan hul mededingers afstaan. Die bestuur van Vusi Winkels besluit om 'n beplanningsessie te hou om strategieë te vind om verkope te verhoog en klante te lok.

Formuleer TWEE moontlike strategieë wat Vusi Winkels in hul strategiese beplanning kan insluit om die uitdagings in die scenario te oorkom. Bespreek hoe Vusi Winkels Porter se Vyfkragte-model kan gebruik om hul markomgewing te ontleed. **[40]**

## VRAAG 8

Jy is die finansiële adviseur wat 'n kliënt moet help om R5 miljoen vir drie jaar in EEN van die volgende beleggingsopsies te belê:

- 'n Vastedeposito-bankrekening vir drie jaar teen enkelvoudige rente van 8,5% per jaar
- Aandele in 'n bekende genoteerde maatskappy teen R5 per aandeel. Dividende van 95 sent per aandeel is die afgelope twee jaar betaal. Die direkteure het aangedui dat hierdie bedrag nie in die volgende drie jaar sal verander nie.
- Die regering se kleinhandeleffekte vir drie jaar teen 8% per jaar, saamgestelde rente
- 'n Klein winkelkompleks met 10 winkels (eenhede). Huur per eenheid sal teen R60 000 per jaar vir die volgende drie jaar vasgestel wees.

Ondersteun jou klant om die beste beleggingsbesluit te maak deur:

- Elke beleggingsopsie hierbo te verduidelik
- Die risiko van elke beleggingsopsie te beskryf
- Die opbrengs op elke belegging te bereken (toon bewerkinge duidelik)

Beveel die beste beleggingsopsie vir jou kliënt aan en motiveer jou aanbeveling. **[40]**

**VRAAG 9**

| |
|---|
| Die King-kode verskaf 'n raamwerk vir beste sakepraktyk aan korporatiewe bestuur. Sake-etiek en professionele optrede word deur hierdie kode gelei. |

Onderskei, met voorbeelde, tussen *professionele optrede* en *onprofessionele optrede*. Verduidelik moontlike redes waarom pryse in landelike gebiede en onregverdige reklame as onetiese sakepraktyke beskou word. Bespreek maniere waarop professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe sakepraktyke uitgevoer moet word. **[40]**

**VRAAG 10**

| |
|---|
| Die menslikehulpbron-bestuurder wil 'n nuwe ontvangsdame aanstel en het verskeie aansoeke ontvang nadat die pos geadverteer is. |

Verduidelik die menslikehulpbron-prosedures van keuring en onderhoudvoering wat die MH-bestuurder kan toepas om die geskikste kandidaat te identifiseer. Bespreek die regsaspekte van die indiensnemingskontrak wat die werkgewer en die werknemer albei moet onderteken. Verwys kortliks na die inhoud wat in die indiensnemingskontrak ingesluit behoort te word. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 80**
**GROOTTOTAAL: 300**